# KOMMUNIKAMMA 22 MAART 2026

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 22 MAART**
**Sesde Lydensweek**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**Tema:** godsdiens kan sonde wees.
**Skriflesing:** Jes 1: 1-18
**Ons wens Hardus en Ewette Viljoen geluk met die doop van hul baba, Riana.**

**18:30 KRUISSANGDIENS**

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Gemeentebediening**

**Maandag 23 Maart**
**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek soek 'n klererak waaraan klere in hul 2e handse winkel opgehang kan word.asb. Hulle benodig ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Vrydag 27 Maart**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205) vir meer besonderhede.

**GROOT LYDENSWEEK (Sondag 29 Maart tot Sondag 5 April 2026)**

Pierre du Plessis het die gesogte Desmond Tutu-Gerrit Brand-prys in 2018 gewen vir sy debuutboek, **Jesus ruik na mirre en stof**. Die boek, uitgegee deur Lux Verbi, verken 'n eerlike en vars perspektief op Jesus in Afrikaans. Die

boek word beskryf as 'n Eerlike, verwonderde gesprek oor Jesus se menslikheid en teenwoordigheid. Ons wil hierdie jaar tydens Groot Lydensweek by 7 geleenthede stilstaan by perspektiewe vanuit die boek

**Sondag 29 MAART**
**09:00 GESAMENTLIKE DIENS: Waarna ruik Jesus?**

**Maandag 30 Maart tot Woensdag 1 April**
Groot lydensweek boodskappe word aanlyn uitgestuur.
- Maandag (Jesus ruik na Stof en sweet)
- Dinsdag (Jesus ruik na Hout en klip)
- Woensdag (Jesus ruik na Kos en wyn)

**Donderdag 2 April**
18:30 Nagmaal in die kerkgebou: Jesus ruik na Bloed

**Goeie Vrydag, 3 April**
09:00 Erediens: Jesus ruik na die Dood

**Paasfees, 5 April**
09:00 Erediens: Jesus ruik soos Jesus

**GEBEDSAKE:**
- Ons gemeente jeug, hul ouers en mentors.
- Geestelike groei en toewyding oor lydenstyd en Paasnaweek.
- Almal wat toetse en eksamens skryf.
- Die Paas skoolvakansie wat Vrydag begin.
- Laura Krause en Niekie Oosthuizen se gesond word na operasies.
- Vir reën waar ons damme net 40% water het.
- Vir die Here se hulp en leiding in mense en gesinne se lewens wat groot uitdagings ervaar. Dat Hy ons sal gebruik waar nodig en toerus met wysheid om die regte hulp te verleen en/of raad te gee.
- Die stryd teen bek-en-klouseer in ons land.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande.
- Die konflik wat oor die Midde-Ooste uitgebreek het na die VSA en Israel se aanval op Iran. ‘n Oplossing vir die chaos, spanning en lewensverlies.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Liewe Gebedsvriende,

**Lofprysing**
Ons kan God entoesiasties / intensioneel loof vir die groei van die kerk. Vervolging het nie minder geword in die Algeriese kerk nie; maar dit suiwer en maak die kerk sterker. Gelowiges is gedissiplineerd in hulle dissipelskap. Hulle geloof is diep en kragtig. Ons loof God dat Sy woord deur hierdie netwerke van moedige huiskerke versprei, en dat die getuienis van hulle vreugdevolle uithouvermoë in lyding ‘n kragtige getuienis is vir hulle Moslem-bure/naaste.
**Petisie**
Bid vir goddelike beskerming van hulle byeenkomste. Bid dat God oë sal verblind en die planne deurmekaar sal maak van diegene wat hulle aanbidding wil ontwrig en leiers wil arresteer. Bid vir wysheid soos wat hulle konstant aanpasbaar moet wees om veilig te bly soos wat hulle steeds bymekaarkom om mekaar te bemoedig.
**Persoonlike Gebed**
Bid vir ‘n gees van tevredenheid en moed in jou eie konteks. Ons ervaar dalk nie klopjagte nie, maar ons ervaar druk om gehoorsaam, aanpasbaar en om stil te raak in ons geloof. Kom ons bid hierdie: “Here, maak my geloof onwrikbaar. Help my om U meer waardig te skat as wat ek gemak en aanvaarding skat. Leer my om met dieselfde vertroue en verwagting te bid as my familie in Algerië, wetend dat U ‘n Soewereine Koning is, wat saam met my loop deur die vuur.”

Onthou ook om ons Facebook blad https://www.facebook.com/There4Ministries. te besoek … daar is nou ‘n skakel na ‘n weeklikse Bybelstudie asook ‘n pot-sending wat die radiogesprek opsom indien jy nie kon inskakel nie.

Liefde
Die There4 Span

**FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK**

Bid vir die jongmense in Eurasië wat aktief soek na die waarheid. Sendingorganisasies reg oor die wêreld het opgemerk dat jongmense uitsonderlik ontvanklik is vir die evangelie – selfs in Moslem-meerderheid lande waar Christen-wees ’n groot risiko meebring. FEBA belê baie in hul jeugbediening en die reaksie is verstommend.
Bid vir FEBA se jeugbedieningspanne in Rusland, Oekraïne, Moldowa, Kazakstan, Kirgisië, Oezbekistan, Tajikistan en Turkmenistan. Bid vir hul veiligheid, vir inspirasie en moed, en vra dat hul programme (lewens)verandering onder Eurasië se jeug sal bring.

**MTR SMIT KINDERHUIS**

Indien jy die vreugde van die verjaarsdagvieringe van MTR Smit Kinderhuis wil ervaar, kan jy gerus vir Debah van Eeden (082 933 2443) kontak. Ons huis is die tuiste van 11 pragtige dogters, en ons probeer elke verjaardag spesiaal maak deur cupcakes, eetgoed en koeldrank te voorsien. Jou betrokkenheid kan 'n groot verskil maak in die lewens van hierdie dogters. Of jy nou as 'n selgroep, vriendegroep, of individu deelneem, jou bydrae sal 'n impak hê en 'n glimlag op die gesigte van hierdie dogters bring.

**WIT OLIFANTE**

Indien daar enige bruikbare wit-olifante in jou huis skuil, kan jy hulle begin afstof en aandra na die kerkkantoor. Dit is vir ons kermis van 20 Junie. Indien jy hulp nodig het met vervoer, kontak vir Zalita le Roux (082 878 8720)

**SKENKINGS VIR HUIS GENOT OUETEHUIS**

Matthys Potgieter, een van die jongmense wat onlangs belydenis van geloof afgelê het, samel aqueousroom, nie bederfbare kos en skyfies in vir Huis Genot. Jul kan jul bydrae vanaand by die Kruissangdiens maak of met hom kontak by sel: 068 149 9944

**BYBELGENOOTSKAP VRUGTEMARK (26 – 28 MAART 2026)**

Die jaarlikse vrugtemark ten bate van die Bybelgenootskap begin op Donderdag 26 Maart by die Bybelhuis, Cotswoldlaan 31, Cotswold. Vrugte sal Donderdag en Vrydag om 08:00 – 16:00 verkoop word en op Saterdag om 08:00 – 14:00.
Kontak die Bybelgenootskap of die kerkkantoor vir meer inligting.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK EN IN DIE VAKANSIE**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 22 Maart | Stephan Blom, Christo Landman, Erika Marais, Isla Moolman, Lucius Moolman, Annalien Pienaar en Annabel Viljoen |
| 23 Maart | Aletta Campher, Pieter de Bruin, Quinton Roux, Matilda Roux, Dawie Swart |
| 24 Maart | Hanna Alting, Stéphan Dolphin, Lizmarie Hanekom, Ruan Jacobs, Debbie Rabie, Morné Stroebel en Eugene van der Merwe |
| 25 Maart | Nealon Burger, John de Vos, Mari Geissler, Dirk Haarhoff en Petru Vlok |
| 26 Maart | Nadia Cloete |
| 27 Maart | Karla Moolman, Louis Moolman, Felicity Murray en Deleon van Rooyen |
| 28 Maart | Philip Pretorius, Thys Taljaard en Janke Terblans |
| 29 Maart | Theuns de Jager |

| | |
|---|---|
| 30 Maart | Barli de Kock, Wikus Dreyer, Helen-Grace Moolman, Johann Postma, Kaity Strydom en Sanet Winter |
| 31 Maart | Odette Britz, Stephan de Beer, Drien-Marie Haywood, Chris Koen, Mine Stroebel en Marco Stroebel |
| 1 April | Jamielee Bezuidenhout, Reinette Coetzee, Marna Greeff, André Grobbelaar, Wilma Keevy en Johan Vermaak |
| 2 April | Andrew Banfield, Gerrit Janse van Vuuren en Flippie Smit |
| 3 April | Thinus Els, Ann Potgieter, Eugene Pretorius en Ryno Schoeman |
| 4 April | Sannie Gaybba, Micheal Grobler, Chantelle Horn, Eloise Lotter, Michelle Meyer, Francois Steenkamp en Cor van der Riet |
| 5 April | Marné Oosthuizen, Jan Schmidt en Canie van Deventer |
| 6 April | Hendrik Meiring, Johann Postma jnr en Lea Ross |
| 7 April | Roy de Kock, Gert Erasmus, Gys Geldenhuys, Linda le Roux, Renee Nell, Hermie Rossouw, Marlize van Wyngaardt, Rosy van der Merwe en Francois van der Walt |
| 8 April | Malan du Preez, Blake Strydom, Lynette Stumke, Mike Tait, Eugene van Rooyen, Sandra Vosloo en Toit Wessels |
| 9 April | Gustel Agenbag jnr, Anna Fielding, Sakkie Grobler, Sam Hatting en Hannes le Roux |
| 10 April | Miems Botha, Daniel Grobler, Marney Jooste, Elenette Meiring en Antoinette van Wyk |
| 11 April | Christo Matthee en Sonja Tait |

**Ons wens oom Chris Koen baie geluk met sy 94ste verjaarsdag op Dinsdag 31 Maart**

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005

SnapScan

PXMP5808